# VAN ONS SUSTERS

Die susters nooi ds Jannes en sy gesin en al die lidmate spesiaal uit om sy verjaardag na kerk te kom vier.



**Suster, die volgende gebeurtenisse moet asb op jou Kalender aangeteken word:**

- Ons eerste **pannekoekbak** is DV op **10 en 11 April**. Ons benodig bestanddele en bakkers asb.
- Ons moet **aandete by die Klassis** op **21 April** voorsien. Kyk asb of jy sal kan help.



- As jy nog nie jou item vir die **konsert van 9 Mei** reg het nie, skud asb jou vere reg! Daar is al oulike items! Dit is beslis 'n geleentheid om nie mis te loop nie en jou item gaan tot die vreugde van die dag bydra!
- Onthou Groep 3 is verantwoordelik vir die **verversings.** Dit is wyke 2,3,4 en 6.
- **Nagmaalete op 17 Mei:** Groep 2, wyke 1, 5, 7 en 8. Beplan solank asb.
- Ek herinner ook aan ons **verkoping** wat vanjaar DV op **20 Junie,** in die vorm van 'n **Winterfees** plaasvind. Kry solank jou planne en goedjies reg, die tyd hardloop.

## WINTERFEES 20 JUNIE 2026

Baie dankie vir elke suster se positiewe gesindheid en gewilligheid om saam in te spring as iets gedoen moet word! So bou ons saam aan die liggaam van Christus.
Groete Alta 083 361 2490

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 1 en 2 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet





# Op die Kerkwerf


Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 11 Sondag 22 Maart 2026
*REDAKTEUR:* RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net


**Eredienste:** 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste, kategese:**
**Ouderlinge:** Wyk 5 **Vakant** en wyk 6 **Gerrit Badenhorst**
**Diakens:** Wyk5 **Riaan Schutte** en 6 **Coetzer Stoop**
**Teebeurt:** Wyke 1 & 2: **Wyksusters: Malie Wyma en Wilmarie du Plessis**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***
**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

---

**OGGEND Woordbediening:** Matteus 6:24-34; 7:7-12.
**Fokusvers:** Matteus 7:7-11
**TEMA:** *Boustene van gebed, #3: Smeekbedes.*
**Sing:** Psalm 28:1, 2 (eerste melodie van Psalm 45); Psalm 116: 1, 2, 3; Psalm 130: 1, 2 (2e beryming van JJ Kuhn; derde melodie); Psalm 81:12; Psalm 18:1, 3 (tweede melodie).
**Sing met meelewing:** Psalm 128: 4.

---

**AAND Woordbediening:** 1 Korintiërs 14.
**Fokusverse:** 1 Korintiërs 14:33, 40.
**Kerkorde:** Kerkorde, art. 1a
**TEMA:** *DIe God van vrede wil dat alles in Christus se kerk volgens goeie orde moet wees.*
**Sing:** Psalm 34:6; Psalm 48:1, 2, 3; Psalm 76:1 (melodie Psalm 139); Psalm 72:2, 4;
Skrifberyming 10-2 (na die wegstuurseën).

---

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die **Ekumenisiteit Buitelands.** Volgende week: **Emeritaatsversorging**
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

**Hierdie Op die Kerkwerf is die laaste van hierdie kwartaal. Die volgende Op die Kerkwerf verskyn weer DV op Sondag 12 April 2026.**

# LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Ons betuig innige meegevoel met **Kobus en Elsa Mentz** wie se swaer onverwags in Bloemfontein oorlede is. Ryke vertroosting word u saam met u susters en ander familie toegebid. Mag u te midde van hartseer roem in die oorwinning van ons Here Jesus oor die dood en die graf.

**VOORBIDDING**

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Ronel Erasmus** is Vrydag uit Mediclinic ontslaan. Ons is saam met haar en Danie en hulle dierbares dankbaar vir die beterskap wat ons hemelse Vader gegee het en bid dat sy spoedig weer al haar kragte mag terug ontvang

**Prof. Callie Coetzee** ondergaan môre in Medikliniek 'n breukoperasie. Ons verseker hom en Susan van ons voorbidding vir hulle. Mag die operasie geseënd wees en mag u spoedig volkome herstel ontvang.

Ons is dankbaar dat **Netta Schutte** 'n baie geseënde opvolgbesoek aan die ortopediese chirurg in Unitas Hospitaal gebring het. Saam met haar en Paul dank ons die Here vir sy seën.

**Japie van Jaarsveld** moet Vrydag 'n opvolg-besoek by die dokter bring met die oog op verdere behandeling. Ons verseker Japie en Christa van ons voorbidding.



**André Joubert** is nog steeds in die Zuid-Afrikaans Hospitaal waar hy nog wag op 'n skandering wat die vaskulêre chirurg benodig. Hy sou ook 'n hartsonar ondergaan het en ontvang intensiewe behandeling vir die emfiseem. Ons volhard in ons voorbidding vir André.

**Jesse Niemand** moet Maandag toetse ondergaan met die oog op 'n afspraak met die kardioloog op 30 Maart. Ons verseker hom en Stienie van ons voorbidding vir hulle.

**Loffie Eloff** moet Donderdag 'n opvolg-besoek by die dokter nakom nadat kanker verlede jaar verwyder is. Ons verseker Loffie en Tillie ook van ons voorbidding vir hulle.

**Malie Wyma** het die afgelope week 'n afspraak met die onkoloog gehad en ons is saam met haar en Klaas baie dankbaar dat die onkoloog tevrede is met die uitslae van toetse wat gedoen is.

**Dean du Plooy** het Woensdag 'n afspraak met die dokter nagekom. Ons is saam met hom, Barbara en ook Ruan dankbaar vir die mooi genesing wat hy ontvang en bid hom seën op die verdere rehabilitasie toe. Indien daar lidmate is wat 'n kniestut beskikbaar het wat Dean kan leen, sal dit baie waardeer word. Indien u daarmee kan help, kontak asb. ouderling Koos Nortjé of diaken Zurich Terblanche.

**DANKBAARHEID**

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Ma | 23/03 | 08:30 | Teologiese Studente | Bovertrek |
| Di | 24/03 | 09:15 | Opening: Teologiese Skool | TSP |
| | | 11:00 | Predikantebyeenkoms | GK Potch- Bult |
| Wo | 25/03 | 18:00 | Bybelstudie (Romeine, Studie 1b) | Ou Kerkie |
| | | 12:00 | Volwasse kategese | Kerksaal |

| KATKISASIE | Sondag 22 Maart | Sondag 12 April |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 8 | Les 9 |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | Eksodus 3 & 14(p. 7)<br>Psalms 63: 3<br>Sondag 35<br>Eksodus 20: 9 | Eksodus 33 (p. 10)<br>Psalm 63: 3<br>Sondag 36<br>Eksodus 10 |

**BYBELSTUDIE** Bybelstudiebyeenkomste die komende week:
- Bybelstudie by Huis Eikelaan het afgesluit tot verdere kennisgewing. •Woensdagaand om 18:00 in die Klein Kerkie
- Die Bybelstudie van Donderdagoggend het vir die kwartaal afgesluit en hervat na die reses.

### HUWELIKSHERDENKING

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende weke hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

Donderdag 26 Maart is **Dana en Wilmarie du Plessis 15** jaar getroud
**Gideon en Catrien Wentink** ook **15** jaar getroud en Saterdag 28 Maart is **Johan en Anneke Markgraaf 55** jaar getroud.
Vrydag 2 April is **Kobus en Elsa Mentz 44** jaar getroud en 6 April **Tjaart en Ettie du Plessis** is **63** jaar getroud.
7 April is Japie en Christa van Jaarsveld **49** jaar getroud en 8 April is **Harm en Anita** Stavast **48** jaar getroud.



# DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom** Bank: Potchefstroom.

## DIE GEREFORMEERDE KERK IKAGENG

Die gemeente van Ikageng hou op **2 Mei 2026** 'n fondsinsamelingsaksie en hulle vra ons ondersteuning. Hulle beplan om die fondse te gebruik vir hulle werk in die omgewing. Kom ons help hulle met goeie tweedehandse klere, skoene, komberse, huishoudelike items, boeke, speelgoed en allerhande dinge wat verkoop kan word. Donasies is ook baie welkom.
Ons kan die goedere afgee by ons koster Pieter en hulle sal die goedere kom haal.
Vir meer informasie kontak ds OL Moncho 083 314 1762 of hulle skriba ds MD Letebele 067 847 7357.

**WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE**



**VIR DIE GESELLIGHEID?**



## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEKE

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie vakansie hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| Di | 24/03 | **Susan v d Berg,**. Wyk 8 |
| | | **Gideon Wentink,**. Wyk 3 |
| Wo | 25/03 | **Mien Prinsloo (90),**. Wyk 11 |
| Vr | 27/03 | **Bennie v d Berg (86),**. Wyk 8 |
| Sa | 28/03 | **Susan Nortjé,**. Wyk 8 |

***Week 1 30 Maart tot 4 April 2026***

| | | |
|---|---|---|
| Ma | 30/03 | **Johanna van Vuuren (94),**. Wyk 11 |
| Di | 31/03 | **Leoné Malan,**. Wyk 7 |
| Do | 02/04 | **Theon Chambers,**. Wyk 5 |
| Vr | 03/04 | **Peet Buys (92),**. Wyk 13 |
| | | **Susan Coetzee,**. Wyk 12 |
| | | **Ronel Erasmus,**. Wyk 11 |
| Sa | 04/04 | **Nico Spaumer (81),**. Wyk 12 |
| | | **Anel Venter,**. Wyk 3 |

***Week 2 5 April tot 11 April 2026***

| | | |
|---|---|---|
| Di | 07/04 | **Sarie Brümmer,**. Wyk 10 |
| Wo | 08/04 | **Anja Bouwsema,**. Wyk 9 |
| | | **Elsje Serfontein,**. Wyk 3 |
| | | **Hendrien Venter (86),**. Wyk 11 |
| Do | 09/04 | **Mandie de Klerk,**. Wyk 1 |
| Vr | 10/04 | **Lorraine Smit,**. Wyk 2 |
| Sa | 11/04 | **Estie Duvenhage (86),** |



## FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Ons beplan om vir
**Woensdag 8 April**
'n klompie **RIBBURGERS** te maak
@ R 40 per burger.
U is welkom om u bestellings voor of op
***Dinsdag 7 April***
deur te gee aan
Yolandé 084 597 8903
of aan
Jannes 072 224 7181
of Malie 018 294 4600/072 373 7361
by die kerkkantoor

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer.




### DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta,

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*